# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

**9 Augustus 2026**



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Welkom by die Hoogland-geloofsfamilie!

As jy vandag vir die eerste keer by Hoogland kuier, as nuwe lidmaat aansluit of as jou kind/jongmens vandag vir die eerste keer by GVG is – dit is regtig lekker om jou en jou gesin hier te hê. Mag jy vandag iets van God se liefde en die warmte van hiérdié geloofsfamilie beleef. Kom drink gerus ná die erediens 'n koppie koffie en maak seker jy stop by die dame by die info@PEHoogland-tafel in die voorportaal. Sy sien daarna uit om jou te ontmoet en sal met graagte help dat jy sommer gou tuis voel.

Vir meer inligting kan jy www.pehoogland.co.za besoek, 'n *WhatsApp* stuur na 079 815 9325 en die Kerkkantoor sal jou kontak of 'n "*Nuwe Intrekkers*"-koevert in die brosjurevakkies neem.

# Program van die dag

**09:00** Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens
**GEEN GVG** agv langnaweek
*Ds Pieter geniet sy afnaweek.*

*Deurkollekte: MTR Smit*

# Algemeen

## Program vir die week:

**Dinsdag: 11 Augustus**
09:30 Bybelstudie oor Vergifnis (Raadsaal)
11:00 Gebedsaksie in die Raadsaal
18:00 Bybelstudie oor Vergifnis
**Woensdag: 12 Augustus**
08:45 B/fontein Bybelstudie
**GEEN** Gemeente Bybelstudie
**Vrydag: 14 Augustus**
05:15 Mannebyeenkoms
19:00 Andriette Norman Vertoning

Die Leraars is van 11 - 13 Augustus 2026 by die Ringsitting. Vir enige pastorale hulp kontak asseblief die Kerkkantoor.

## Hospitaalbesoeke

Laat weet gerus die kerkkantoor indien jy of 'n geliefde in die hospitaal opgeneem word of tuis aansterk ná 'n ernstige operasie/siekte.
Stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325.
Die Hospitaalbediening wil graag kom kennis maak.

## Gebedsversoeke

Stuur gerus enige gebedsversoek met vrymoedigheid en in volle vertroulikheid per *WhatsApp* na **079 815 9325** – daar is mense wat graag saam met jou wil bid...

# Tiende Dankoffermaand @ Hoogland

Augustus is Tiende Dankoffermaand. Mag hierdie maand vir elkeen 'n tyd van gebed, dankbaarheid en vertroue in God se voorsiening wees.

Bydraes kan op een van die volgende maniere gemaak word:

- Elektroniese betaling (EFT): PE Hoogland | ABSA Tjekrekening: 1400149980
- Kontant: Tiende Dankoffer -koeverte is in die brosjure -vakkies en op die banke beskikbaar.
- Kaartbetalings: By die kerkkantoor.

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

## Uit die hart:

Daar is iets besonders daaraan om saam met iemand te reis. Of dit nou 'n lang vakansiepad, 'n daguitstappie of selfs net die daaglikse rit werk toe is – ná 'n ruk leer ons mekaar op 'n ander manier ken. Ons sien hoe iemand reageer wanneer die verkeer skielik tot stilstand kom, wanneer die GPS jou reg help, wanneer 'n verkeerde afdraai onverwags 'n ompad word of wanneer die kinders op die agtersitplek begin stry. Dit is juis in die gewone oomblikke dat iets van ons hart sigbaar word…

Die skrywer Eugene Peterson beskryf die Christelike lewe as "***a long obedience in the same direction.***" Dit herinner ons daaraan dat geloof nie net uit enkele groot oomblikke bestaan nie, maar uit die rigting waarin ons elke dag leef.

Dalk is dit ook waar van ons geloofsreis. Ons geloof word nie net sigbaar in dit wat ons op 'n Sondag bely nie, maar in die manier waarop ons Maandag tot Saterdag leef. In ons gesindheid. In ons woorde. In ons keuses. In die manier waarop ons mense liefhet, konflik hanteer en hoop uitleef.

Augustus herinner ons dat ons op pad is. Nie net na 'n bestemming eendag nie, maar op 'n reis waarop God elke tree saam met ons stap. Daarom is dit goed om soms vir 'n oomblik stil te word en onsself af te vra:

Wat sien mense wanneer hulle 'n ent saam met ons reis?

Mag ons hierdie week met oop oë en oop harte leef. Mag ons in die gewone oomblikke ontdek dat God ook dáár besig is om ons te vorm. En mag ons lewe al hoe meer iets weerspieël van die Een aan Wie ons behoort.

**Ds Sunell**







# Hoogland

## Fondsinsameling

Kry jou kaartjie op een van die volgende maniere :

Aanlyn op Quicket vinnig en veilig.

Skandeer die QR kode op jou foon

Sondae by die Info@PEHoogland-tafel sal daar n Quicket fasiliteit wees.

Stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325 en die kantoor sal jou help

By die Kerkkantoor